



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

2 Desember 2021

Gedagte vir die week: People do not need a flashy church, they need a healthy church.

Vertretpunt: Matteus 23:1-39

Meditasie uit die Woord:

'n Mens moet maar kies hoe jy die teks wil lees. Jy kan dit lees asof Jesus kwaad is, asof Hy ontsteld is, asof Hy hartseer is, asof Hy ernstig is ... jy kan kies. Ek kies my uitgangspunt vanuit die laaste vers waar Jesus self die hen en kuiken as beeld gebruik. Die profeet en die priester is albei bekommerd oor God se saak, maar net uit twee verskillende hoeke. In ons teks is Jesus profeet en 'n mens moet verstaan dat 'n ware profeet altyd met 'n swaar hart seermaak en self ook seerkry. Dit is die swaartekragwet van profeet-wees. Met dit in gedagte moet ons na die inhoudelike van Jesus se strenge aanspreke van die "kerkleiers" van sy tyd luister. Ek hoor dat Jesus hulle aankla dat hulle van die kerk 'n blink en ongesonde omgewing gemaak het. Aan die een kant is daar die vertoning van die lui leierskap en aan die ander kant is daar die lyding van die gewillige volgelinge. Ek wil nie té veel in detail gaan nie, maar eerder spring na wat dit vir my vandag beteken. Ek meen dat die gemeente van die Agter-Paarl reg is in hulle droom/visie om God se vreugde meer te maak. Ek kon nog nooit 'n beter sin kry om die kerk se roeping te verwoord nie. Ek meen dat die gemeente van die Agter-Paarl verkeerd is om te praat van gemeenteleiers en dat ons eerder in gehoorsaamheid aan Jesus moet praat van gemeentebegeleiers of gemeenteversoorgers. Ek meen dat die gemeente van die Agter-Paarl vorder in die rigting dat bysake nie hoofsaaklik word nie, maar dat ons steeds met onderskeiding sal moet voortgaan op hierdie pad. Ons sal moet waak teen die strewe na 'n groter gehoor/skare met kleiner gehoorsaamheid. Ons moet dalk liewers meer vrede maak met 'n kleiner gehoor met groter gehoorsaamheid. Jesus se pad is na alles nie breed nie, maar smal! Ek wonder of ons altyd besef wat die implikasies is vir kerkwees wanneer ons hierdie tekste lees en dit vir mekaar oorvertel. Die moontlikheid bestaan mos dat ons met die jare so deur die heersende kerkkultuur gebreinspoel is dat ons nie meer kan teruggaan na die ware Godskerk nie.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 5 Desember 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/Hz15YwEEt6M>

Meditasie uit die Lewe:

Ek gesels die afgelope week met 'n afgetrede skoolhoof tydens 'n koffiekuier. Hy verras my wanneer hy goedbedoeld sê dat hy nie kan dink dat ek tevrede is om in die Agter-Paarl dominee te wees nie. Hy het my die eerste keer waargeneem tydens 'n aanbidding by die jaarlikse skoolhoofde kongres. Hy verwys spesifiek na 'n optrede in 2001 waarop die reaksie verrassend positief was en my laat reis het oor die hele land van skool tot skool. Hy het, komplimenterend bedoel, gedink ek hoort eerder by 'n groot makro-agtige gemeente. Ek kon met eerlikheid en opregtheid dadelik antwoord: "Ek is dankbaar dat God my daarvan bewaar het!" Na die koffiekuier het ek lank gekou aan die gesprek. Ek is dankbaar dat God my bewaar het van 'n moontlike ongesonde ego en opgeblase selfverstaan. My droom is nie 'n groot en blink kerk nie. My droom het nie professionele klankmanne, musiekdirekteure en opgeleide kunstenaars nodig nie. In my droom is daar nie "spotlights" en wolkmasjiene nie. Die prediker het nie "designer clothes" en "make-up" nodig nie. Niemand hoef beïndruk te word met 'n "amazing" ervaring nie, maar almal word hopelik diep aangeraak. In my droom is daar nie applous nie, maar stil kruise en duidelike voetspore. My droom is 'n gesonde kerk waar nederige en betroubare mense vertoningloos diensbaar is. In my droom is daar nie statusbewuste leiers nie, net statuslose begeleiers. In my droom word 'n gemeente nie misbruik om sin te skep in my lewe nie. In my droom is God se Woord só groot dat klein foutjies wat mag inkruip in die bysake, nie die appelkar omkeer nie. People do not need a flashy church, they need a healthy church. Met my hele hart droom ek van 'n gesonde self en 'n gesonde gemeente.

Versoek:

Dit sal gaaf wees indien jy ook vandag die aangehegde dokument lees oor die gemeentebegeleiers se nadenke oor kerk en gemeente. Jy word uitgenooi om deel te neem aan die gesprek via die epos adresse soos onder aangedui. Ons is juis besig met 'n proses van onderskeiding met die oog op die gemeente se toekoms. Neem asseblief deel! Dankie

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com